THE VRYHEID (NATAL) RAILWAY COAL AND IRON COMPANY LIMITED

HLOBANE COLLIERY/STEENKOOLMYN

THE/DIE

HLOBANER

NO *38* NR | VOLUME * 4 * JAARGANG | JUNE *1991* JUNIE

Twee Hlobaners help 26 Myners red

Ses protospanlede is op Saterdag, 8 Junie om ongeveer 22:00, deur mnr H Armitage, Assistent Superintendent, Dundee, in kennis gestel dat hul hulp verlang word in Swaziland. Daar was 'n ongeluk by die Emaswati-myn en 26 mense was ondergrond vasgekeer, het hulle verneem.

Daar is besluit dat twee persone elk van Hlobane, Coronation en DNC moes gaan help.

Alles is in gereedheid gebring en om ongeveer 04:00 op Sondag, 9 Junie het die manne vertrek.

Die krisisse wat elke dag vir ons deur die nuusmedia voorgelê of aangebied word, gaan sonder enige diepe betekenis by ons verby omdat ons so geneig is tot onverskilligheid teenoor ons medemens.

So glo ek ook dat die Emaswati insident onverskillig as iets van die verlede opsy gesit word en dat dit nie 'n plek in ons gedagtegang word geag word nie, totdat die traumatiese invloed wat dit op die verskillende partye se gesinne en ondergeskiktes gehad het, in oënskou geneem word.

Eerstens, die verskriklike gedagte dat die myn onder my bestuur is; die oorsaak dat almal ondergrond is en moontlik dood kan wees.

Op wie beroep ek my en wie sal kan help? ...die honderde vrae:
Waarom het ek dit nie voorkom nie?
Waarom het ek nie geweet nie?
Watter gedagtes moet ek as prioriteite beskou?
Wie sal kan help?

En dan die nood van die mense ondergrond. Ek is onder die grond vasgekeer en waar ek my ookal heen wend, loop ek my vas teen 'n vaste rots en die hopeloosheid van my

situasie word vererger deurdat my lamp doodgaan en ek in die eensaamheid en verskriklike donkerte, my hopeloosheid nie kan verwerk nie.

Al wat ek het, is my hartklop en gedagtes ... gedagtes van geliefdes wat ek volgens my, nooit weer sal sien nie.

Die hopeloosheid van my situasie maak dat ek kerm en kreun en inbreuk maak op my kollegas se gedagtegang, wat my ook verkwalik omdat ek net aan myself dink.

By die Emaswati myn was die situasie soos hierbo geskets, sekerlik deel van die gebeure, as 'n mens luister na wat dié wat by die reddingswerk betrokke was, en ander, vertel.

Op die myn was daar egter hoop. Al het dit vir die slagoffers as 'n skrale hoop voorgekom, weet ons vandag dat elke myn sy skuilkamers "refuge chambers" as belangrik beskou en dat die prosedures wat

**Links: Nick Nel hier afgeneem, net nadat hy weer na die oppervlak gehys is.*

gevolg moet word deur vasgekeerdes in gevalle van nood, aan almal goed bekend is, soos dit dan ook sekerlik aan hierdie mense bekend was, alhoewel dit seker nie op dié tydstip vir hulle sin gemaak het nie.

Die myner het sy werkers daar gehou en die Bestuur kon deur 'n boorgat wat met die kamer verbind was, vasstel dat sy mense veilig is en

Na bl 2

Vanaf bladsy 1

ook wat die omstandighede daar by hulle, is. Dit moes vir hom sekerlik gevoel het asof 'n berg van sy skouers afrol .. nou kon hy sy gedagtes agtermekaar kry en positief dink aan 'n werkwyse om te volg.

Die reddingsboor wat in 1977 teen 'n koste van R3 miljoen aangekoop en baie keer as oortollig en onnodig beskou is, is vanaf Witbank laat haal.

Dié boor is aangekoop ná die Coalbrook-ramp, wat honderde lewens geëis het. Die boor sou egter nooit in 'n soortgelyke situasie benodig word nie, het mense gedink.

'n Ramp soos dié een wat Coalbrook getref het, sou mos nie weer gebeur nie.

Dit is dus beskou as 'n oortollige stuk masjienerie.

Kan u vir uself die ongelukkigheid voorstel, sou die boor tot niet gemaak gewees het en mense ondergrond moes sterf, alhoewel hulle slegs vasgekeer was?

Die reis na die Emaswati-myn het vlot verloop.

Daar aangekom, was die reddingsboor van die Kamer van Mynwese vanaf Witbank alreeds besig om 'n gat te boor.

Die boor-operateurspan het hul paraatheid nie ligtelik opgeneem nie en hul werk geken. Die boorspanne was om 14:30 op die myn en nege ure later, het hulle 'n gat van 70 meter diep en 63cm wyd, deurgeboor gehad. 'n Uitsonderlike prestasie.

Vier protospanlede is deur middel van 'n kapsule afgelaat in die gat. Hulle was Johnny Grobler, Chris de Jager, George Cronjé en Nick Nel.

Die protospan moes deur die gat afgaan, sonder dat hulle geweet het of die dak dalk ingeval het waar hulle deurgebreek het; of die sywande van die gat sou bly staan en of die kapsule nie sou vassit nie.

Nick Nel was dan ook die eerste persoon in die wêreld om tydens werklike reddingswerk, by so 'n boorgat af te gaan. George Cronjé, sy kollega, het hom gevolg.

Die reddingspanwerker is vasgegespe in die kapsule en moes homself bevry sodra hy onder was en daarná die plek ondersoek, voordat hy weer die kapsule terugstuur vir die volgende persoon om af te gaan.

Só is vier mense ondergrond en twee van die span is bo gelaat om die ophysing van die vasgekeerdes te koördineer.

Die vier wat onder was, het mense gaan haal waar hulle, 70 meter verder, in die skuilkamer gewag het. Hulle is hier deur 'n kleiner gat van voedsel en koeldrank voorsien.



** Bo: Die boormasjien wat gebruik is om die gat van 63 cm te boor.*

** Bo: Dit is deur hierdie boorgat wat koeldrank en voedsel aan die 26 myners voorsien is.*

Om die oorstelpte vreugde van die mense te beskryf, is nie maklik nie. U weet hulle het in stikdonker gesit en hul idee van 'n boorgat was sulks dat hulle gedink het dit is net leuens, want hoe kon mense deur so 'n klein gaatjie uitgaan. Toe die eerste een deur die kapsule op is, nadat hulle onder begeleiding by die boorgat-posisie uitgekom het, het 'n lag van

Na bladsy 3

Vanaf bladsy 2

verligting uitgebreek wat grens aan histerie en het die verligting wat die gebabbel onder mekaar weerspieël het, vreugde in elkeen se hart gebring. Hulle is nog 'n kans gegun om te lewe!

Dit was ook 'n wonderlike geleentheid vir die Noord-Natal myne se reddingswerkers om die

Na bladsy 4

~~~~~~~~

Onder: Die eerste myner wat met die kapsule boontoe geneem is.



*Bo: 'n Groot George Cronjé word deur sy kollega losgemaak nadat hy ondergrond was.

~~~~~~~~

Vanaf bl 3

kameraderie wat daar altyd in myn reddingspanne heers, te ervaar. By die geleentheid was twee van Coronation se protospanlede ook betrokke, naamlik Bert Khum en Johan Jooste.

Die manne is baie dankbaar dat hulle die geleentheid gebied is om



**Bo: George Cronje, een van die twee beskeie manne met murg in hul bene.*

dié ervaring te belewe en ook om die tevredenheid te smaak om vir iemand anders te kon help om weer 'n kans te kry.

'n Mens wonder baie of ons die veiligheidsreëls in verband met

**Bo: Die Proto Reddingspan van Dundee. Agter vlnr: George Cronjé, Johnny Grobler (DNC), Bert Khum (Coronation) en Chris de Jager (DNC). Voor: Nick Nel, Geoff Eeves en Johan Jooste (Coronation)*

skuilkamers, reddingspakke en ander reëlings ten opsigte van mense se veiligheid, reg opsom en waardeer; natuurlik ook of ons die lewe wat aan ons gegee is, reg aanwend in die tyd wat ons gegun is.

Ná afhandeling van die taak, is die span deur die Mynbestuurder, mnr J Daly, bedank vir dit wat hulle gedoen het deur nie slegs aan hulself te dink nie, maar om ook iets vir hul medemens te doen.

ONS HLOBANERS IS TROTS OP NICK EN GEORGE EN WENS HULLE GELUK MET 'N BESONDERSE PRESTASIE